# NAVAL HILL IN HERINNERING

MANGAÜNG — plek van die groot wilde katte, het die vroegste bantoe-inwoners die plek genoem waar Bloemfontein later sou verrys. 'n Mens kan jou voorstel dat die bosryke klowe en hange van Naval Hill skuiling gebied het aan roofdiere en bygedra het tot die verwerwing van hierdie naam.

Voor die Anglo-Boere-oorlog reeds staan hierdie heuwel algemeen bekend as Bloemfonteinse berg, hoewel name soos Tafelkop en Platberg en die "berg benoorde Bloemfontein" ook gebruik word.

Nadat Lord Roberts op 13 Maart 1900 Bloemfontein binnetrek, word 'n afdeling van die Naval Brigade (Vlootbrigade) met 'n aantal vloot-kanonne op die berg geplaas om die dorp te beskerm. Vandaar die naam Naval Hill. Die barak- en kanonfondamente is steeds op Naval Hill sigbaar. Gedurende die droogte van 1903 word daar op die wolke geskiet met die vlootkanonne en volgens sekere ou inwoners was dit die oorsaak van die 1904-oorstroming toe Bloemspruit met rampspoedige gevolge sy walle oorstroom het. Sommige beweer ook dat die heuwel Kruitberg geheet het na aanleiding van 'n private kruitmagasyn van ene mnr. Colle.

Gedurende die oorlog neem die Tommies as't ware die heuwel oor en laat kom hulle ook 'n aantal Indiërs om hul perde op te pas. Daar ontstaan dus op die berg 'n klein gemeenskappie. Selfs op hulle kinders se geboortesertifikate staan "Born on Naval Hill".

Tydens die Tweede Wêreldoorlog is daar oral op Naval Hill wagte opgestel. Die Bloemfonteinse Stadsraad teken egter heftig beswaar aan teen die aanwesigheid van Bantoesoldate om die S.A.U.K. se antennes op te pas, aangesien Naval Hill die erkende plek is waar die jeug van Bloemfontein mekaar die hof maak. Soos die Volksblad van 22 Maart 1946 dit stel: "Die jeug en die wild moet dus nog vry rondloop op Naval Hill".

Onder die bekendste bakens op Naval Hill tel die volgende:


DIE WITPERD:

Teen die oostelike hange van Naval Hill, oorkant die Rooms-Katolieke Kerk in Andries Pretoriusstraat is die witperd vandag nog duidelik sigbaar. Die woorde, "For Remounts", wat onder die witperd uitgelê was, het egter verdwyn. Die perd en woorde is aangebring m.b.v. wit-gekalkte klippe gedurende die Anglo-Boere-oorlog, deur die Wiltshire-regiment, onder bevel van Majoor Curzons. Oor sy redes hiervoor kan net gespekuleer word. Hy wou moontlik 'n teken hê sodat aankomende soldate op 'n helder dag van veraf kon sien waar die kamp is. Soos die naam aandui, het sy regiment vanaf Wiltshire gekom, 'n deel in Engeland waar witperde teen die kalkklipheuwels uitgekap is. Het hulle die witperd gebou om die verlange na hul tuisland te stil?

Volgens wyle oom Gustav Fichardt is die perd (20 meter × 12 meter) uitgelê en gepak deur privaatpersone naamlik mnre. Murray van Jagersfontein, asook Pat Lynch en W. Bradshaw van Kroonstad. Ander bouers was volgens eie getuienis, mnre. E. C. Homes en Dan Keyes. Hierdie gegewens kom egter van hoorsê en daar is regverdiging vir heelwat twyfel.

Dit word ook vertel dat die perd eers na die sin van Majoor Curzons te veel na 'n donkie gelyk het en dat die kop aansienlike veranderinge moes ondergaan voordat hy tevrede was. 'n Ander geestige verhaaltjie lui dat die Tommies so verdwaal het dat die witperd as baken moes dien om hulle weer by die kamp te kry. Terwyl kwajongens vandag dikwels van die witperd 'n sebra maak deur swart strepe daaroor te verf, moes studente vroeër tydens die inlywingseremonies, vanaf die Universiteit water aandra om die witperd te gaan watergee.

Naval Hill se witperd het niks te doen met generaal de Wet of sy perd Fleur nie.




**BO-AANSIG VAN NAVAL HILL**

1 *Die Witperd.*
2 *Lamont-Hussey Sterrewag.*
3 *Hangmanskloof.*
4 *Opsigterswoning.*
5 *S.A.U.K. se F.M.- en Televisietoring.*
6 *S.A.U.K. radiosender.*

HANGMANSKLOOF:

Een van die laaste openbare teregstellings in die Vrystaat — iets wat altyd met groot misnoeë begroet is — het hier plaasgevind. Twee Zoeloes, Fire en Hoffman is hier opgehang, nadat hulle ter dood veroordeel is weens moord op 'n ander nie-blanke met die naam Kantien. Terwyl ongeveer 300 mense toegekyk het — minstens 75 was nie-blankes — het die tou om Hoffman se nek gebreek en moes eers 'n ander tou gehaal word waarna hy weer gehang is. Fire het gelyktydig twee toue om



*Hierdie groep soldate van die Naval-Brigade was waarskynlik die bouers van die Witperd.*



*Die platform van die galg in Hangmanskloof is vandag feitlik heeltemal toegegroei onder digte struikgewas.*

sy nek gehad. Die een het ook gebreek maar die ander het gehou en hy het stadig verwurg, omdat die eerste tou sy val gekeer en die ruk daarna nie groot genoeg was om sy nek te breek nie. (Friend, 10 Junie 1950).

LAMOUNT-HUSSEY STERREWAG:

Weens die jeugvriendskap van twee studente het die een, Lamont, die ander, Hussey, 'n groot teleskoop belowe, wanneer hy eendag genoegsame fondse beskikbaar het. Dr. Hussey het hoof geword van die Departement Astronomie aan die Universiteit van Michigan en mnr. Lamont 'n ryk sakeman. Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog, het laasgenoemde se belofte vertraag maar die verkenning van die Suidelike hemel is in 1928 begin onder leiding van dr. Rossiter, die man wat met die program voortgegaan het, na die dood van Prof. Hussey. Dr. Rossiter het duisende nuwe dubbelsterre ontdek en sodoende Hussey se drome bewaarheid. Nooit het een van die twee oprigters van die sterrewag dit ooit gesien nie, maar 'n bronsplaat vertel die verhaal, naamlik dat die sterrewag "records Hussey's vision, the unselfish generosity of Lamont and the loyal industry of Rossiter".
Tans is die sterrewag ontruim en oorgedra aan die Streekraad vir die Uitvoerende Kunste wat dit in 'n teater omskep.

WONING OP NAVAL HILL:

Die huis is in 1928 gebou as woning vir die opsigter van die Sterrewag. Die eerste inwoner was dan ook dr. Rossiter, wat tot in die veertigerjare daar gewoon het. Na hom het dit vir 'n tyd leeggestaan om later as woning te dien vir die opsigter van die wildreservaat.

FRANKLIN-WILDTUIN:

Sedert 29 April 1929 is die area op en om Naval Hill bekend as die Franklin-Wildreservaat — vernoem na Raadslid J. Stuart Franklin. Die totale oppervlakte van hierdie reservaat is sowat 468 acres en 'n aantal inheemse sowel as uitheemse wildsoorte word daar deur die Stadsraad versorg.
Daar was die afgelope jare herhaaldelik sprake om die Bloemfonteinse Dieretuin aan die Staat oor te dra en dit dan na Hangmanskloof te verskuif.
Onder die moderne landtekens op die heuwel is die F.M. en Televisie toring en die S.A.U.K.-radiosender.

# NUWE PUBLIKASIE OOR VRYSTAATSE SOOGDIERE

TOT op datum het gegewens oor die voorkoms en verspreiding van die meeste soorte soogdiere van die Vrystaat grootliks op raaiwerk en veralgemenings berus.
Met die onlangse uitgee van 'n publikasie deur die Museum waarin die resultate van die omvattende soogdieropname waaraan Callie Lynch, soogdierkundige van die Nasionale Museum die afgelope paar jaar werksaam was, is 'n groot gaping in die kennis omtrent ons inheemse soogdiere nou gedeeltelik gevul.
Die verspreiding van 81 inheemse soogdiersoorte van die O.V.S. word aangegee. Die inligting omtrent sommige soorte is egter nog onvolledig en versamelingswerk word verder voortgesit.
In die loop van die opname is vyf soorte soogdiere versamel wat nuwe rekords vir die Vrystaat is, naamlik drie soorte skeerbekkies en twee soorte muise.
Hierdie publikasie is van die Museum verkrygbaar teen 60 sent per eksemplaar.

# DIE EERSTE MUSEUMS IN SUID-AFRIKA

(Die derde van 'n reeks vroeë-oggend radiopraatjies deur Hannes Oberholzer wat gedurende 1974 uitgesaai is).

AAN die beroemde Sir Andrew Smith kom die eer toe as die stigter van die eerste museum in Suid-Afrika. Smith was 'n militêre geneesheer, natuurkenner, ontdekkingsreisger, regeringsafgesant en skrywer. As militêre geneesheer aan die oosgrens het hy die geleentheid benut om die goewerneur, Lord Charles Somerset, te bearbei om 'n natuurhistoriese museum in die moederstad op te rig.
Op 10 Junie 1825 vaardig Somerset 'n proklamasie uit waarvolgens die *South African Museum* met Smith as superintendent, tot stand kom. Deur die entoesiasme en ywer van die dinamiese Andrew Smith word 'n wye verskeidenheid voorwerpe dan ook in twee kamers van die ou Openbare Biblioteek byeengebring. In 1826 publiseer hy ook "A descriptive catalogue of the South African Museum" met instruksies vir die bewaring van diere en plante tydens versameltogte. In al hierdie bedrywighede doen hy baanbrekerswerk.
Na sy terugkeer na Engeland in 1837 het die museum egter gekwyn en grootliks tot niet gegaan. In 1855 het Sir George Grey die museum weer aan die gang gekry en is 'n beheerraad en voltydse kurator deur die regering aangestel.
In dieselfde jaar stig 'n groep medici in Grahamstad 'n letterkundige, wetenskaplike en geneeskundige vereniging met die doel om 'n algemene museum tot stand te bring. Die bekende Albanie-museum is dus die tweede oudste in die land.
Die derde oudste museum is die een wat in 1856 in die munisipale markgebou te Port Elizabeth geopen is.
Die eerste poging om 'n kunsmuseum in Kaapstad te stig dateer reeds vanaf 1871 toe die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Beeldende Kunste tot stand gekom het. Die Butterworth Bayley-bemaking wat hierdie vereniging in die daaropvolgende jaar ontvang het, het die kunsmuseum 'n groot stoot vorentoe gegee.



*Dr. Andrew Smith.*

In die Oranje-Vrystaat is die Nasionale Museum in 1877 gestig as kultuurhistoriese museum, met die doel — soos gestel deur hoofregter F. W. Reitz, stigter en eerste Voorsitter van die Raad van Kuratore — "om te red wat daar nog te redde is". Terloops van F. W. Rietz gepraat, dit is ongetwyfeld 'n unieke gebeurtenis in die museumwêreld dat 'n persoon wat voorsitter van 'n Museumraad was, later die President van 'n Staat geword het!
Natal se oudste museum is die Durbanse munisipale museum wat in 1880 tot stand gekom het en vandag nog in 'n munisipale museum is.
Die Transvaalse Museum in Pretoria, waarvan die kultuurhistoriese gedeelte in 1964 afgeskei het om 'n aparte museum te vorm, het ontstaan uit 'n besluit van 'n groep onderwysers wat in 1892 'n versameling begin opbou het met die doel om langs daardie weg te vergoed vir die totale gebrek aan handboeke waaruit aan die kinders natuurgeskiedenis met 'n plaaslike kleur geleer kon word. Die ondersteuning wat hierdie versameling geniet het was so groot dat daar vier jaar later 'n voltydse kurator aangestel moes word en dit het spoedig ontwikkel tot 'n algemene museum.

# PLANTS FROM WAX



*Technicians of the National Museum and Oorlogsmuseum in Bloemfontein, as well as the McGregor Museum, Kimberley recently looked on with interest and amazement as Mrs. E. P. Niedringhaus (second from right) demonstrated her technique in the making of artificial plant material from bees wax. Mrs. Niedringhaus, plant preparator of the Carnegie Museum of Natural History in Pittsburgh, Pennsylvania visited various South African Museums as a guest of the Southern African Museum Association.*